



Tweede uitgawe
2014

Koeda

Pretoria Bonsai Kai

• **Pretoria Bonsai Kai bestuur:**

- Voorsitter – Org Exley
082 809 2037
- Onder voorsitter – Francois van As
074 601 1847
- Tesourier - Daan du Toit
012 567 2520
- Sekretaesse – Mariaan Erwee
083 377 7893
- Skakelbeampte—Christa Vermaak
083 388 4736
- Addisionele lede :
Otto Koekemoer
Martin Kruger
Johan Els
Jaco Kriek

Enige idees, artikels of terugvoering rakende die nuusbrieff kan gegee word aan Jaco Kriek by:

Jaco.kriek@aurecongroup.com

In hierdie uitgawe

From the editor.	1
Briewe bus / Vra is vry	2
Voorsitter verslag.	4
Vergadering 1 Maart	5
BRAT meeting 21 March	9
Literati styl	12
Neigings in bonsai wêreld	15
Vergadering 5 April	20
Lede profiel	25
Bonsai kalender	26
Snippets	27

The word Koeda is Japanese and means: 'Graceful branch'. It is pronounced Ko-eda.

From the editor.

During Napoleon's invasion of Russia, he was accidentally separated from his men in a small town. A group of Russian Cossack's spotted him and chased him through the streets. Napoleon ran for his life and ducked into a little furrier's shop. The furrier covered him with a big pile of furs in a corner of the shop.

The Cossacks burst in the door and when the furrier denied seeing him they tore his shop apart trying to find Napoleon. They poked into the pile of furs with their swords but didn't find him. Soon, they gave up and left.

When Napoleon's guards arrived he crept unharmed from under the furs. The furrier timidly asked, "Excuse me for asking this question of such a great man, but what was it like to be under those furs, knowing that the next moment could be your last?"

Napoleon stood up and said to the furrier, "How could you ask me, the Emperor such a question? Guards, take this man out, blindfold him and execute him. I, myself will give the command to fire".

The guards grabbed the furrier, blindfolded him and stood him up against the wall. The furrier could see nothing and only heard the

guards prepare their rifles. Then he heard Napoleon call out, "Ready! Aim!" In that moment, a feeling he could not describe welled up within him; tears poured down his cheeks. Suddenly the blindfold was stripped from his eyes and Napoleon's eyes were looking intently into his own. Then Napoleon said, "Now you know how I felt."

What has this story to do with bonsai? Every interview I do for the member profile I ask the member, "What does bonsai mean to you?" And just about every time I get the feeling that it is something more than what the person is able to explain. Bonsai is often an experience that cannot be described!

Jaco



Beautiful, miniature tree.

Briewe Bus / Vra is Vry

Jaco

Na aanleiding van die artikel ivm Charles se besoek aan die bonsai kwekery van Erik Wiggert naby Fort Myers, Florida USA. Ek het toevallig net 'n week daarna, in November 2013, die voorreg gehad om die selfde kwekery te besoek. Die "Rain tree" waarvan Charles die basis gelê het, wat nou aan Erik behoort, is voorwaar 'n pragstuk. Ek sluit 'n paar foto's van Erik se bonsai's in. Dit het my opgeval dat meeste van sy plante baie groot is en dat hy ook baie Pierneef styl plante het. Hy het ook 'n groot versameling Bougainvillas.



Groete Esther.



Briewe Bus / Vra is Vry

Die Banyan boom en Thomas Edison

Nog 'n baie indrukwekkende gesig in Fort Myers was die Banyan boom wat die winterwoning van Thomas Edison, die patenthouer van talle uitvindings, versier. Dié boom wat na Edison se Fort Myers-huis in 1925 gebring is, was tóe 'n vier-voet *Ficus benghalensis* wat 'n wit sap voortbring. Edison en sy vriende, Henry Ford en Harvey Firestone, het gehoop om die sap te gebruik in die vervaardiging van natuurlike rubber. Ford het rubber vir die bande van sy karre nodig gehad. Die Banyan was egter nie die antwoord nie. Die boom het egter bly groei tot 'n akker in deursnee en het een van die meer as 1000 bome van regoor die wêreld geword wat die landgoed versier, van die man wat die elektriese gloeilamp, die film en die fonogram uitgevind het.



Esther



Algemene jaarvergadering 2014—Voorsitter verslag

Dit gaan goed met die Kai. Ek het verlede jaar gesê, as dit so aangaan, sal ons 'n groter plek moet kry. Dit het toe gebeur. Danksy Erika, het ons ons nuwe plek gekry. Nou sal ons meer lede moet werf om die saal vol te kry.

Ons Kai is volgens my die sterkste en lewendigste Kai in die land. Ons het tussen 50-60 lede by elke vergadering. Ons lede word gereeld deur ander klubs regoor die land genooi om praatjies en demonstrasies te doen. Dit is 'n pluimpie vir die Kai. Ons het meeste van die tyd die meerderheid mense by die BRAT dae en ons sien al hoe meer nuwe gesigte van ons Kai by die BRAT dae.

Van BRAT gepraat, ons het weereens 'n BRAT dag aangebied. Ek dink Pretoria Kai het weereens 'n uitstekende dag vir die mense daargestel. Dit was net jammer vir die lae bywonings syfer die dag. Ek wil weereens vir almal dankie sê wat gehelp het om so 'n lekker en interessante dag saam te stel. Dit word waardeer.

Dan was daar die Nasionale Konvensie wat deur EBS aangebied was. Dit was weereens lekker om nuwe aanbieders te sien werk. 'n Mens leer elke keer iets nuuts. Weereens baie geluk aan Duwan wat dit gemaak het tot in die finale rondte van die "New Talent" kompetisie. Welgedaan. Dankie ook aan EBS vir 'n uitstekende Konvensie. Al wat kort gekom het, was die koffie in die oggende.

Dan kom ons by ons jaarlikse skou wat weereens uitstaande was. Dankie aan almal wat bereid was om hulle bome te bring en uit te stal. Soos gewoonlik was daar weer pragtige bome. Ek wil ander lede ook aanmoedig om hulle bome te bring. Dit is net jammer dat ons so min lede van die publiek daar gehad het. As iemand idees het oor wat ons kan doen om meer mense te lok, moet hulle dit vir ons deurgee.

Ek wil almal in die Kai bedank vir wat julle doen. Met die trek nou die dag het daar 10+ bakkies en karre opgedaag om te help. Kwart oor nege was die voertuie klaar gelaai en die stoor leeg. Ons het net na tien alles weggepak gehad in die nuwe stoor. Dan vir die regpak van die saal voor en na die vergaderings. Die skoonmaak na die vergaderings. 'n Mens hoef nie te vra nie, dit word net gedoen. Die lede wat die werksinkels voor die vergaderings en by hul huise behartig. Die mense wat raffle items bring.

Dan wil ek 'n paar lede uitsonder wat baie moeite en tyd spandeer aan die Kai se goed.

Christa wat altyd toesien daar daar genoeg drinkgoed is, die raffle wat sy hanteer. As dit nie vir dit was nie sou ons nie soveel nuwe boeke kon aankoop nie. En dan die Bonsai fokus wat sy aankoop.

Jaco vir die moeite wat hy met die Koeda doen. Almal praat met groot lof daarvan. Ek dink Jaco sal dit waardeer as meer mense insette gee.

Daan vir sy harde werk om ons finansies op datum en reg te hou. Vir die betalings wat hy doen, onder andere vir die huur van die saal. Dit vat baie van sy vrye tyd op om dit te doen.

Erika wat die biblioteek vir ons hanteer by die vergaderings

Die kommitee vir hulle harde werk en insette deur die jaar. 'n Mens kan net vra, hulle is altyd bereid om te help.

As dit nie vir julle almal was nie sou ons Kai nie so sterk gestaan het nie. Baie dankie vir alles wat julle doen.



Org

Bonsai 'NUT'!

Elke jaar, by die algemene jaar vergadering, word daar 'n Bonsai 'Nut' vir die jaar wat verloop het aangewys. Die 'trofee' gaan aan die persoon wat die meeste entoesiasme in die kai en in bonsai in die algemeen gewys het. Hierdie jaar het die kommittee besluit om die 'trofee' aan **Esther van Aarde** te gee.

Esther is baie aktief in die kai. Sy mis baie selde 'n vergadering. Sy stal uit en doen lang ure diens by ons skou. Sy woon omtrent alle BRAT byeenkomste sowel as konvensies by. Esther soek altyd bonsai kwekerye of uitstallings op waar sy ook al gaan, en dan skryf sy gewoonlik 'n artikel vir die Koeda daaroor.

Baie geluk Esther en baie dankie vir jou entoesiasme in die kai!



Vergadering van 1 Maart 2014



Vervolg op bl 6

Vergadering van 1 Maart 2014

“Tip of the month” - by Antony Smith

Antony gave a very interesting and helpful tip on wiring. This tip assist to make wiring easier and neater. Antony called it the double up wiring method. He takes a piece of wire and folds it in two. One side then has two ends and the other side a loop. He then starts with the open end (two ends) on the trunk of the tree and wires the branch he wants to wire. Remember that the branch is thickest and strongest close to the trunk. If he uses a 3mm wire it means that he now uses a 6mm (doubled up) wire on this piece of the branch. When he gets to the ‘front end’ of the branch where there are secondary branches, he cuts open the loop, and wires two of the secondary branches with the two pieces of wire. These branches which are thin and softer are then wired with 3mm wire. On 2mm wire and less he also triples up. Antony uses aluminium wire.



Antony says that it takes half the time and half the effort to wire this way.

Johan Els en Hannes Fritz het met die vergadering gepraat oor ’n paar metodes om stamme, en dik takke, te buig. Hulle eerste raad was dat as jy ’n dik stam wil buig, dit raadsaam is om twee mense te wees. Een persoon sal dit amper onmoontlik vind om alleen reg te kom met die vashou en buig. Hannes se volgende raad was dat as ’n tak moeilik sal buig en buitendien geen ‘taper’ het nie, dit beter is om hom af te sny en ’n nuwe ‘leader’ te groei.

Die twee manne het toe gewys dat een manier om ’n tak te buig is om ’n wiggie in te sny. Jy kan die wiggie aan die bo of onder kant van die tak maak. Hulle gevoel was dat onder beter is, bo het hulle al gevind kan die tak makliker skeur. Wanneer jy hierdie keep of wiggie insny moet die tak so gebuig word dat die twee kante se kambium mooi op mekaar raak en pas. Die kambium groei dan vas (fuse) en maak weer ’n eenheid in die stam. Terwyl die kambium nog nie vas is nie gaan die sap vloei aan die kante verby en bly die stam en takke aan die lewe.

Dit is raadsaam om vir so twee of drie dae voor jy wil buig (al die metodes wat moontlik is) die boom geen water te gee nie. Die blare moet so effens verlep, dan buig takke en stamme makliker. Johan het die voorbeeld genoem dat ’n tuinslang wat vol water is moeiliker oprol as wanneer hy geen water in het nie.

Jou boom moet gesond wees en sterk groei voordat jy drastiese buig werk aan die stam of takke maak. As jy ’n stam of tak op ’n paar plekke wil buig, moet dit nie op een slag doen nie. Doen dit op stadiums. Maak eers en snit en buig en wanneer hierdie eerste buig goed herstel het doen die volgende een.

Nasorg van jou boom nadat jy so ’n drastiese buig gemaak het is van uiterste belang. Dit is soos ’n pasiënt wat ’n operasie ondergaan het en dan in “ICU” behandel moet word.

Vervolg op bl 7

Vergadering van 1 Maart 2014

Hannes en Johan het toe op 'n Kanniedood boom demonstreer hoe om die wig metode toe te pas.



Links bo: Johan hou die boom stewig vas terwyl Hannes die wig saag. Die boom moet nie beweeg en die wortels versteur terwyl gesaag word nie.

Regs bo: Die wig wat uitgesaag is.

Links onder: Hannes en Johan het die boom met 'n draad aan die pot gebind, aan die teenoorgestelde kant waarteen gebuig word. Dit help dat die onderste deel van die stam nie ook buig nie.

Regs onder: Nadat die buig voltooi is. Die kante van die buig is stewig op mekaar met die cambium la-gies wat op lyn.



Vervolg op bl 8

Vergadering van 1 Maart 2014

Hannes and Johan then demonstrated on a Juniper how to split the trunk vertically. You must use a trunk splitting tool to be able to do this. The feeding lines which moves the sap in Junipers are vertical, therefore if you split the trunk vertically you will not cut off any feeding to the top of the tree. The trunk of this tree was dead on the one side. The split was made to the opposite side of the bend. Hannes removed some of the dead wood as dead wood cannot bend and will just break. The position where the bend was required was wrapped with black tape. A clamp was then used to make the bend.



Top left: Hannes splitting the trunk.



Top right: The clamp and the bend in the trunk.

The two gentlemen then demonstrated on a *Melaleuca bracteata*, 'Johannesburg Gold'. The photo on the right show the result after the bend was made. No further explanation is required.....



BRAT meeting of 29 March at Kierieklapper Bonsai Kai.

The **BRAT** open day was hosted by **KIERIEKLAPPER BONSAI KAI** in Boksburg. The theme for the day was **OUR SOUTH AFRICAN HERITAGE**.

Dit was werklik 'n leersame dag en baie inligting is deur 'n klomp mense gedeel oor inheemse bome wat geskik is vir bonsai. As al die inligting wat gegee is in hierdie artikkel genoem moet word (onthou dit was 'n volle dag) sal dit 'n hele klomp bladsye beslaan. Daarom word net die name van van die bome genoem waaroor gepraat is. Indien jy oor 'n sekere boom meer inligting wil hê is ek seker jy die persoon kan kontak wat oor die spesifieke boom gepraat het. Elke boom wat genoem word is geskik vir bonsai !!



Links: Mack Boshoff van Kierieklapper het oor vier inheemse bome gepraat waarmee hy al sukses behaal het. Hy het elk punte gegee gebaseer op dinge soos blaarverkleining, blomme, bas, hoe maklik hy groei ens

Bo: Ian Pringle van Waterberg het oor die Nyala boom (*Xanthocercis zambesiaca*) gepraat. Hy het ook baie mooi voorbeelde gewys wat hy al suksesvol gestyl het.

ens. Die Bloedboom of Lowveld Cluster-Leaf (*Terminalia prunioides*) het 64% gekry. Die Heyningklokkiesbos, Honey bell bush (*Freylinia lanceolata*) het 90% gekry. Die Transvaal honeybell bush, Blue Freylinia (*Freylinia tropica*) het 92% gekry. Die Kersbruidsbos, Christmas bush (*Pavetta gardeniifolia*) het 78% gekry.



Bo: Prof Gareth Bath (Pretoria) het oor vetplante as bonsai gepraat en 'n klompie baie oulike voorbeelde gewys.



Bo: Kathy Steyn (Far West) het oor die Spekboom (*Portulacaria afra*), die Kanniedood (*Commiphora*) en die Geelberggranaat, Karoo pomegranate (*Rhigozum obovatum*) gepraat.



Bo: Hannes Fritz (Pretoria en Suikerbos) het oor Olienhout, Wild olive (*Olea europaea* subsp. *Africana*) gepraat en pragtige bome gewys van hoe hulle binne agt jaar ontwikkel het.

BRAT meeting of 29 March at Kierieklapper Bonsai Kai.



Bo: Koos Robbertse (Rustenburg) het oor die Laventelkoorsbessie, Lavender croton (*Croton gratissimus*) gepraat en 'n pragtige voorbeeld gewys.



Above right, Erol Rubin (Eastern) and above left, Tony Mortimer (East Rand) both talked about the Camphor bush, (*Tarchonanthus camphoratus*) and both showed beautiful examples.



Bo: Merle Benghiat (East Rand) het oor die Seep-netel, Soap nettle (*Pouzolzia mixta*) gepraat.



Links: Lennard le Roux (Rustenburg) het oor die Besem-trosvy, Broom cluster fig (*Ficus sur*) asook die Rivierwildevy, Sycamore fig (*Ficus cycnorus*) gepraat. Hy het mooi voorbeelde gewys en die verskille tussen die twee spesies uitgewys.

Regs: Tricia Fourie (Kierieklapper) het oor die Laeveld vy (*Ficus Stuhlmannii*) en die Kierieklapper (*Combretum hereroense*) gepraat.



Left: Erika Köhler (Pretoria en Shibui) talked and showed the Star Jasmin (*Trachelospermum Jasminoides*), Yellow Mallow (*Pavonia praemorsa*), Chinese hats (*Karomia speciosa*), Natal shell-flower bush (*Bowkeria verticillata*), Black thorn (*Acacia mellifera*), Common Spike-thorn (*Maytenus heterophylla*), Kokoboom (*Maytenus undata*) and the Cross-berry (*Grewia occidentalis*).

Motivering

Die beste bonsai, so glo ons en moontlik tereg, is baie ou bome. By die BRAT vergadering van 29 Maart het Hannes Fritz 'n baie mooi Olienhout gewys. Hannes het vertel dat hy die boom, wat 'n paar meter hoog was, uitgegrawe het. Die boom het na net tien jaar verander van niks na 'n baie mooi boom wat skou gehalte is. Tien jaar is 'n oogknip in bonsai terme. Dit is egter genoeg om prag bome te ontwikkel. Sien fotos onder van die boom toe Hannes hom begin het en hoe hy tans lyk.





Bo links: Die boom afgeneem op 26 Oktober 2003. Bo Regs: Die boom afgeneem op 15 Mei 2005.



Bo: Die Olien soos hy lyk op 29 Maart 2014. Net meer as 10 jaar se versorging en stylering.

Waar kom die Literatistyl vandaan - deur Dr Francois van As

Die literatistyl vorm nie deel van die tradisionele, natuurlike Chinese style nie, maar tog sien 'n mens bome in die natuur wat aan hierdie styl herinner. Die vroegste beskrywing van die literatistyl word gevind in een van die Chinese penjing tekste. Penjing word beskou as die oudste skool in die kweek van miniatuur boompies. In China word die Tang Dinastie (618-907) gekenmerk as 'n bloeitydperk vir die kunste, insluitende skilderkuns, kaligrafie en die bekende Tang digkuns (Tang-xe). Gedurende hierdie tydperk was die kennis van literatuur, geskiedenis, filosofie en die kunste belangrike kriteria onder die geleerdes en die elite. Penjing was baie gewild in hierdie tyd aangesien daar sterk bande was met Chinese skilderkuns, digkuns en kaligrafie. Die literatistyl, genoem Xu hua xe, het ook groot belangstelling uitgelok en is gemodelleer na die kenmerke en filosofie van Chinese kaligrafie.



'n Voorbeeld van Chinese kaligrafie (Bron: www.terrizvous.com)

Die Chinese penjing meester, Shao Hai Zhong, het die beginsels vir die literatistyl soos volg beskryf (Steven, 2007):

Vervolg op bl 13

Waar kom die Literatistyl vandaan - deur Dr Francois van As







- 'n Ongelykmatige balans in komposisie moet gebruik word om 'n stabiele en stewige fondament te verkry.
- Die beginsel van optiese balans. Hiermee word bedoel dat die energieke en dramatiese vloei van die stam 'n harmonieuse balans moet toon.
- Literati lyk na Chinese kaligrafie. Die top is gestruktureerd en die skraal stam verteenwoordig die elegansie van eenvoud en slankheid.
- Die fisiese samestelling moet behoorlike balans van visuele gewig en ruimtes ten toon stel. Die swaar areas moet deur die oop spasies uitgekanselleer word wat die abstrakte skoonheid van Chinese kaligrafie oproep.
- Die lyne moet dinamies en ritmies voorkom maar nie wanordelik of eentonig wees nie.
- Die struktuur moet 'n balans van sterk (bold beginnings) en delikate lyne insluit. Selfs die delikate lyne moet kragtige energie bevat. Dieselfde beginsel geld vir Chinese kaligrafie.

“So in literati bonsai, a combination of two contrasting lines is necessary; the delicate flow with the vigorous stroke or radical curves in subtle harmony. The power of a strong thrust is countered by the delicate release; displaying tension against compression as if describing the natural equilibrium of the universe. Literati is a very contemplative style in bonsai, reflecting the spirit of nature, a lyrical beauty, yet a testament to intellectual talent” (Steven, 2007).

Ek het fotos van 'n aantal voorbeelde van die Literati-styl van die internet afgelaai en in ink oorgeteken om dit sodoende my eie te maak. Daarna het ek die boompies van hul blare gestroop en 'n skadubeeld geskep. Hieronder is die vergelykende sketse, besluit maar self of u die ooreenkoms met Chinese kalligrafie kan sien.

Vervolg op bl 14

Waar kom die Literatistyl vandaan - deur Dr Francois van As



In Japan staan literati bekend as *bunjin* en in China as *wen-ren*.

Bron:

Steven, R. (2007) *Vision of my soul*. Indonesia, Suprindo Offset Printing.



NEIGINGS IN BONSAI WÊRELDWYD - deur Dr Pieter Loubser.

Ek gaan in hierdie artikel afwyk van wat ek die afgelope ruk gedoen het, te wete die speel met aanhalings, uitdrukkings en gesegdes en die plasing daarvan in die bonsaimilieu. Hier tree my ernstige kant uiteindelik na vore! Nie noodwendig as wetenskaplike nie, ook nie as verbeelde kunstenaar nie, maar miskien as gewaande filosoof/kommentator en tog 'n leek wat wonder oor die wonderbare kuns van bonsai. Ek vra vrae en bied nie noodwendig 'n antwoord nie. Ek probeer om effens georganiseerd 'n breë kyk te gee na hierdie pragtige kunsvorm miskien vanuit 'n ander hoek as gewoon.

Wil ons in 2014 nog bonsai hê soos 'n eeu gelede? Of het bonsai verander? Bonsai was toentertyd tog al iets anders. Is dit soos 'n Da Vinci skildery, of dalk 'n Michelangelo (di Lodovico Buonarroti Simoniis) standbeeld wat steeds aangryp al is dit lank gelede geskilder of gebeeld. Is wat ons tans as bonsai waardeer en nastreef iets anders? En hoe geld ons denke in Suid-Afrika vergeleke met bonsai elders in die wêreld? En/of verskil bonsai en die kweek en waardering daarvan in verskillende kulture of wêrelddele? Wat het moderne toerusting waarmee ons werk gedoen aan bonsai (dit vergemaklik en dalk ook kunsmatig laat lyk?). Het die kennis oor plantfisiologie ook 'n invloed? Ek gaan laasgenoemde twee vrae laat vir 'n ander gesprek. Ek wil eers net kyk na hoe bonsai se aanbieding en waardering tans staan teenoor byvoorbeeld 'n eeu gelede, so oneffektief dit ookal mag blyk te wees.

Ek dink dat 'n kyke na hoe bonsai ontwikkel het dwarsoor Moeder Aarde interessant kan wees indien hoegenaamd moontlik. Kom ons kyk eers na twee fotos van so om en by 100 jaar gelede. Kyk dan na fotos wat ek lukraak gekies het van meer onlangse werk en besluit self. Reg aan die begin moet ons weet dat fotos nie toentertyd geneem kon word nie en sketse van bome in publikasies ons enigste verwysings is. In hierdie verband kan ek noem dat die heel eerste gedeeltelik-suksesvolle foto via 'n kamera 'n beeld was wat in ongeveer 1816 deur Nicéphore Niépce aangebied is. Die idee van 'n kamera (camera obscura) was baie ouer, maar die beeld kon nie vasgelê word op papier, of een of ander oppervlak nie voor ongeveer 1816 nie. Kyk dus gerus na die sketse, in teende van fotos, in uitbeelding nommer drie en die paar wat volg.

Ek is oortuig, in my hart, en dis nie baie betroubaar nie, dat bonsai beter gelyk het as die sketse wat ons sien, veral omdat dit gedoen is met die spaarsaamheid van Japanese kwaste.



Bo: *Senkeiban Zushiki*, 1808 [1, Lesniewicz]

Vervolg op bl 16

NEIGINGS IN BONSAI WÊRELDWYD - deur Dr Pieter Loubser.



Senkeiban Zushiki, 1822 [1]

Ek weet ons kan toer met fotos met behulp van goed soos Photoshop, maar iets in die foto van die bonsai-entoesias hieronder vertel my dat dit lank gelede gedoen is. Ook die fotos daarnaas vertel iets van hoe bonsai jare gelede gedoen is. Miskien is die kleredrag en die haarstyle sleutels. Of die styl van die mooi boom.



Ek is jammer dat ek nie 'n betergedefinieerde foto van 'n bonsaiersameling en uitstalling kon kry as die volgende een nie (die kwaliteit van foto-apparaat moet in ag geneem word gemeet aan huidige standarde en dis my verskoning), maar dit gee tog 'n aanduiding van 'n liefbebbery miskien sestig/sewentig jaar gelede. Die bome gekweek en uitgestal, is nie hierjy bome nie!



Vervolg op bl 17

NEIGINGS IN BONSAI WÊRELDWYD - deur Dr Pieter Loubser.

En dan het jy ook bonsai gesien wat baie informeel op sypaadjies uitgestel is, soos hier voor die Box Hill Hotel in 1895.



Wel, kom ons kyk na iets uit China in 1907, hieronder gewys, soos uitgestal voor die Pu Chao temple en daarna ook fotos van mense en bome uit daardie tyd in dieselfde land.

Ek het dit gekry by <http://www.phoenixbonsai.com/1900Refs/OtherPhotos.html>



Die onderste foto toon Chinese in 1934.



Vervolg op bl 18

NEIGINGS IN BONSAI WÊRELDWYD - deur Dr Pieter Loubser.

Maar bonsai het stadigaan in die Westerse wêreld posgevat. Kyk na die volgende foto van 'n poskaart uit Frankryk (links) en terug na die Ooste in Indo-China en die Fillipyne (foto regs). Die foto toon iets in daardie wêreld in die vroeë 1900's en ek moet sê dat ek bly is om nie in 'n snyerspak (nie 'n baie netjiese een nie) my bonsai hoef te snoei nie. Let op dat dit 'n poskaart is (die seël gee dit weg).



Hierdie aanbieding het nie ten doel om die geskiedenis van bonsai as geheel aan te bied nie. Dis gans te omvangryk vir so 'n kort lusmaker. Ek het wel in my oplees oor die aanbieding (glo my asseblief dat dit leeswerk kos!) gesien dat daar interessante geskiedenis is en dat heelparty individue dit reeds minstens ten dele gedoen het. Kyk bietjie onder ABS (American Bonsai Society) se argiewe. Die geskiedenis van bonsai strek natuurlik terug na baie jare gelede, oorspronklik miskien in China (hoewel Indië ook daarop aanspraak maak) en later en mettertyd met 'n ander styl in Japan. Die kunsvorm het al ietwat vroeër as 1878 in Europa posgevat en het oor die jare heen "lyf gekry". Dit het heelwat later in die Verenigde State van Amerika (VSA) populêr geraak, veral na die VSA se soldate tyd deurgebring het in Japan na die Tweede Wêreldoorlog en die vermaaklike klein boompies terug na Amerika toe geneem het. In Suid-Afrika het bonsai stadig posgevat vanaf die 1950's. Ons sien deesdae ook wonderlike bome uit Indonesië/Fillipynse eilande en Suid-Amerika en dit kom al van baie jare terug, hoewel geskiedenis daarvoor moeilik is om op te spoor. Die gehalte van hul bome dui egter op 'n redelike lang geskiedenis.

Miskien op hierdie stadium een of twee ander opmerkings:

1. Kom ek begin met Indonesië. Budi Sulisty (Tropical Bonsai Gallery) merk dat hul klimaat groei geweldig aanmoedig en dat dit gevolglik vinniger resultate bied en hierdie verwys natuurlik na tropiese bome. Maar hul bome lyk oud en het verstommende stamme, wortels en veral sommige van hul sowat meer as een honderd "eie" spesies lei tot die kweking van pragtige bonsai. Kyk ook na die werk van Robert Steven. Die Indonesies/Fillipynse bome toon ook Japanese ontwerpsbeginsels, maar die ongereptheid van hul spesies se groei is verstommend opvallend.
2. Europa, weer, het 'n klimaat en ongereptheid (veral in bergagtige dele) wat hul toelaat om soortgelyke spesies as Japanese kwekers te gebruik en hulle het dus toegang tot verstommende oeroue natuurlike materiaal. Hulle voer egter ook baie bonsai uit Japan in en hul kwekers kry gereeld opleiding in Japan.

Vervolg op bl 19

NEIGINGS IN BONSAI WÊRELDWYD - deur Dr Pieter Loubser.

3. Die meer Mediterreense dele in Europa werk weer met spesies soos Oliene wat met ons eie ooreenstem, maar ouer bome is (kom ons oliene maar daarvanaf?) met verstommende stamme. Kyk na fotos verder aan waar die ontwerp van een oorweeg word.
4. Amerikaanse bonsai is dalk fundamenteel Japanees, maar “losser”. Ietwat meer ontspanne. Reëls effe meer geïgnoreer. Die Amerikaners gaan ook gereeld na Japan vir opleiding en daar woon heelparty Japanese in Amerika en hulle het hul kennis en liefhebberij saamgebring na die VSA.
5. En steeds lyk Chinese bonsai uniek en nie net as gevolg van hul keuse van bakke en die invoeging van beeldjies van mense en diere nie. Dis duidelik uit fotos hierbo en later.
6. En Afrika? Ek is bevrees dat bonsai, sover my kennis strek, nie elders as in Namibië, Botswana, RSA en Zimbabwe aandag kry nie. Ek glo dat ons “eie” ontwerpe het en veral weens die invloed van wat ons in Afrika se natuur waarneem. Kyk eenvoudig na die Acacias en kremetarte as voorbeelde!
7. Moet nie van Suid-Amerika vergeet nie. Hul belangstelling in die bonsaikuns is maar ongeveer so oud soos in Suid-Afrika. Veral uit die subtropiese dele kom verstommende mooi bome en ook met materiaal eie aan hul wêrelddeel.
8. Sentraal-Asië en Rusland was ook lankal besig met bonsai, maar om redes vir ons verstaanbaar (kommunisme?), of dalk verkeerd, het ons baie onlangs eers begin sien watter mooi bome hulle mee besig was. Israel is ook druk besig met bonsai, hul ongunstige klimaat ten spyte.
9. Australië doen goed en word ook beïnvloed uit die Indonesiese eilande (Deborah Koreshoff is ‘n pragtige voorbeeld en sy en haar ouers het ‘n stempel geplaas op hul invloed in daardie deel van die wêreld). Bonsai met spesies eie aan Australië wys hoe hulle inisiatief neem en kreatief dink.

Hierdie spektrum (miskien onvolledig) uit verskillende wêrelddele van ontwerpe eie aan hulle, is verstommend en aangrypend. Ons merk tendense in onderskeie geografiese en kulturele areas en ek sou twintig jaar gelede nie kon dink dat ek oor so-iets kon kommentaar lewer nie. Wat het gebeur? Blootstelling? Google? Bywoning van uitstallings? Lees van boeke???

In die volgende uitgawe van Koeda gaan gekyk word na fotos van bonsai uit verskillende wêreld dele.

Tot volgende keer.

Pieter Loubser

Vergadering van 5 April 2014



Bo: Tannie Agatha Erasmus doen as stokperdjie pottebakkerij en sy maak ook bonsai bakke. Sy het van haar (unieke) potte by die vergadering verkoop.

“Tip of the month” - deur Dirk Netter

Dirk is produksie bestuurder by ‘Magenta Plant Distributors’. Dirk het ’n magdom inligting gedeel oor die ontkieming en hantering van saad, te veel om hier te noem. Dit was geweldig interessant en sy praatjie het klomp vroe by lede uitgelok. Alle saad moet ten volle ontwikkel wees voor jy oes. Die vleis van die vrug moet totaal verwyder word. Dirk sê jy kan dit met sand afvryf. Dirk het klem gelê dat jy moet uitvind waar die boom vandaan kom. Jy moet die saad sover moontlik dieselfde behandel as wat dit in hulle natuurlike omstandighede sou hê. As hy van koue dele in die wêreld kom (soos Japanse denne, Kurk eik) moet hy ’n dormante koue tyd beleef. Jy kan jou saad in die yskas sit teen 5 grade celsius vir ten minste 6 weke. Sommige sade het selfs ’n kouer temperatuur nodig.



Sommige sade het dik wande en moet deur ’n dier se spysvertering gaan om die wand te verdun voor hy sal ontkiem. Saad met dik wande kan in warm water gesit word. Die met minder dik wande in louter warm water. Moet nie saad vir meer as agt uur in die water los nie. Gewoonlik oornag en saai dan in die oggend.


Dirk gebruik ook ’n oplossing van een derde Jik tot twee derdes water met warm water om die saad in te doop. Die tyd hang af van die wand dikte. So 20 minute is lank genoeg. Jy kan die Jik dan afspoel en die saad in die yskas stoor vir so week voor jy saai.

Saad van Fynbos byvoorbeeld moet beroking ervaar voor dit sal ontkiem. (Not everybody's cup of tea)

’n Algemene prinsiep is dat die ‘grond’ bo-op die saad so diep moet wees soos die dikte van die saad. Dirk het ’n klompie bome gewys (en geskenk vir die ‘raffle’) wat hy van saad gekweek het.

Vergadering van 5 April 2014

Die tema was die gebruik van die Boerboon as bonsai. Prof Gareth Bath het 'n baie interessante en insiggewende klomp inligting oor die Boerboon verskaf, waarvan sommige hier genoem word.



WORDS, WORDS WORDS.... (Shakespeare)

schotia	- van der Schot, head gardener, Schönbrunn Palace, Vienna
afra	- from Africa
angustifolia	- fewer leaves
brachypetala	- short petals
capitata	- head-like (bunch of flowers)
latifolia	- side (broad) leaves
boerboon	- farmers would eat the beans green, or cook them when dry
huil	- copious nectar drips from flowers - also from insects sucking sap
Karoo	- from the Karoo

TREE SPECIES

Schotia afra var afra:	Karoo Boerboon
S.afra var angustifolia:	Small-leafed Karoo boerboon
S.brachypetala:	Huilboerboon
S.capitata:	Small boerboon
S.latifolia:	Bush boerboon


Vervolg op bl 22

Vergadering van 5 April 2014

DISTRIBUTION



S. afra




S. afra angustifolia



S. brachypetala

LEAVES

- Paripinnate (even number of leaflets)
- *S.afra* 12-18 leaflets
- *S.afra angustifolia* 6 – 11 leaflets
- *S.brachypetala* 4 -7 leaflets
- Drop suddenly in spring
- Bronze Green



S. afra



S. brachypetala



S. capitata

FLOWERS

- On old wood or stems
- Red to pink to white
- Clusters
- Nectar
- Appear after leaf drop
- Spring




Vergadering van 5 April 2014

TRUNK

- Hard
- Grey – dark brown
- Smooth to rough
- Angular

SEEDS

- Hard, flat pods
- Thickened rims
- Several seeds
- Flattened, round
- Yellow aril



S. latifolia



S. brachypetala



PROPAGATION

- Seeds – germinate easily
- Heat treat
- Beware of insect damage
- Cuttings
- Air layering
- Veld Digs

SUITABLE STYLES

- Bushveld
- Literati
- Lightning struck
- All formal styles (Formal, upright, informal, slanting)
- Group planting

Vervolg op bl 24

Vergadering van 5 April 2014

CARE OF TREES.

Org said that when you dig a tree you must take some of the soil in which he grows with and mix that in with your new soil. The crown of Schotia never grows very dense. You can defoliate, but Org cuts the long leaves to only two. He found that this assists with leaf reduction. Wiring is possible but should be done before wood hardens. Schotia doesn't have lots of roots. Don't cut roots back hard when repotting. Only cut very long roots. Org transplants in August. Carving is possible as the dead wood is fairly hard but Org recommend that you treat the dead wood with a preservative.

Org demonstrated on two Schotia afra and did basic styling to the trees.



Bo: Org het hierdie S afra na 'n basiese styl gesnoei.



Bo: Org het hierdie S afra na 'n basiese styl gesnoei.

Lede profiel - Andre van der Merwe

Andre is een van die bekende gesigte by die kai. Andre mis omtrent nooit 'n vergadering nie. Hy sê ook dat hy dit baie geniet by die kai se vergaderings. Hy geniet die verskeidenheid wat by die vergaderings aangebied word. Hy kry by elke vergadering nuwe inspirasie wat sy belangstelling in bonsai prikkel.

Andre is 'n pensionaris. Maar voor hy so gelukkig was was hy vir 37 jaar by die weermag, en in besonder die lugmag. Andre was onderandere betrokke by opleiding en ontwikkeling van kursusse vir senior onderoffisiere. Andre was ook vir 13 jaar betrokke in spyseniering.

Andre is al 38 jaar lank getroud met Wilma en hulle het 'n dogter en 'n seun. Hulle is ook oupa en oma van vier kleinkinders.

Andre het 35 jaar gelede deur 'n vriend se skoonseun met bonsai in aanraking gekom. Hy het ook 'n Akasia by die skoonseun gekry as sy eerste bonsai. Die boom leef egter nie meer nie. Andre het daarna opgehou met bonsai en so tien jaar gelede toe hy op pensioen gegaan het weer begin. Hy het toe by die kai aangesluit.

Andre sê bonsai maak hom baie rustig en hou hom ook naby aan sy Skepper. Andre weet nie presies nie maar het om en by 150 bome.

Andre werk die graagste met Wilde vye, Akasia, Boerboon en Buddleja. Een van sy gunsteling bome is dan ook 'n Literati styl Boerboon. Andre se gunsteling styl is enigiets wat informeel en natuurlik is. Hy hou ook baie van die wortel oorrots styl.

Andre se raad aan beginners is om met maklike spesies te begin. Gebruik ook dalk bladwisselende spesies. Dit is lekker om die verandering in die boom te sien en veral die nuwe groei in die lente waar te neem. Beginners wil graag aksie sien.



Gebruik iets soos Akasia.

Andre en Wilma het 'n pragtige versameling broodbome in die tuin en kweek ook orgidieë.

Andre verloor ook nog soms bome. Dit gebeur egter veral wanneer hy op vakansie weg is en iemand anders na sy bome moet omsien. Hy voel baie sleg as 'n boom vrek.

Andre is baie gelukkig met sy bome en wat hy al beryk het, en hy het baie genot uit sy bome. Hy sal graag eendag Junipers wil bemeester. Hy voel ook dat hy nog baie kan leer hoe om style suksesvol te bemeester.

Andre glo die skuif na ons nuwe bymekaarkom plek was die regte besluit. Hy voel ons moet 'n groot poging aanwend om dinge soos die skou asook die kai te adverteer. Hy sal graag meer jong mense by die kai wou sien.



Bo: Andre se gunsteling Boerboon boom.

Bonsai Kalender – Deur Dr Francois van As



Wat doen ons in Mei?

Die dae is al heelwat koeler en ons boompies benodig minder water, veral die bladwisselende bome. Indien jy aanhou om nat bome water te gee sal hulle deurdrenk raak en kan wortelvrot en/of swamsiektes ontwikkel. Vir hierdie tyd van die jaar kan jy dus meer skade as goed aanrig. Immergroen bome hou nie op met groei nie en sal dus meer gereeld nat gemaak moet word. Alle vrugte, bessies en blare wat nog aan bladwisselende bome sit moet verwyder word aangesien dit die boom gedurende die wintermaande verswak. Omdat die bome gedurende wintermaande dormant is kan bemesting ook gestaak word. Aangesien moontlike ryptoestande oppad is, is dit nou die tyd om kouesensitiewe bome te beskerm.

Wat doen ons in Junie?

Soos bo genoem, gaan daar die volgende paar maande nie veel aangaan wat betref die groei van ons boompies nie. Voordat jy egter dink jy kan nou maar bietjie agteroor sit en niks doen nie, hier is 'n paar werkies wat jy kan doen:

- Indien jy nog nie jou Vye, Akasias en ander kouesensitiewe bome uit die oopte geskuif het nie moet jy dit nou doen, indien nie reeds te laat nie.
- Watertoediening moet nou liefers nie laat-middag of aand geskied nie. Watertoediening in die oggend laat genoeg tyd, gedurende die dag, vir oortollige water om te dreineer. Gedurende baie koue nagte kan oortollige water veroorsaak dat die wortels vrot.
- Bladwisselende bome moet heelwat minder water kry as gedurende die groeiseisoen. Wag dus totdat die oppervlak begin uitdroog voordat water gegee word.
- Trek jou gereedskapkas nader en maak jou gereedskap skoon.
- Indien jy nie kan wag nie kan jy maar teen die tweede helfte van Junie begin snoei, veral die boompies wat eerste bot, soos byvoorbeeld die Witstinkhout.

Francois van As

Snippets

Our Environment.

When shopping for washing powders, fabric softeners, body soap and dishwashing liquids, look for ones that are environmentally-friendly and



free of phosphates. Such environmentally-aware products are kinder to the earth, having little or

no negative impact on the plants and soil onto which they ultimately land.



Inspiration from nature

Our own indigenous Baobab tree is probably one of the most inspirational trees we have.

The Baobab is not only used as a specie for creating bonsai but the Baobab style is used with other species as well.

This photo of a beautiful Baobab was taken by **Org Exley** in the Mesina district. The tree speaks for itself.

